

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPELAFDELING

In die saak tussen:

SANTAM INSURANCE LTD Appellant

en

MARGARET JANE FERGUSON Respondent

Coram: RABIE HR, JANSEN, JOUBERT, CILLIÉ et
GROSSKOPF ARR

Verhoor: 20 Augustus 1985

Gelewer: 12 September 1985

UITSpraak

JOUBERT AR:

/Die

Die respondente is die weduwee van Richard Henry Wilson Ferguson (die „oorledene“) wat gedood is in 'n botsing wat op 21 Maart 1981 plaasgevind het tussen die motorvoertuig wat hy bestuur het en 'n ander motorvoertuig waarvan die appellant die versekeraar in terme van die voorskrifte van Wet 56 van 1972 is. As afhanklike van die oorledene het sy as eiseres in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling 'n aksie teen die appellant as verweerder ingestel waarkragtens sy betaling van R33 255-00 skadevergoeding geëis het waarvan R495-00 vir begrafnis= koste en die balans van R32 760-00 ten opsigte van die verlies van haar reg op onderhoud is. In die Nadere

/Besonderhede

Besonderhede tot haar Uiteensetting van Eis het sy
 beweer dat die oorledene tydens sy lewe te Dorpstraat 82,
 Kaapstad, die besigheid van duikklopwerk vir eie rekening
 oor 'n tydperk van ongeveer 20 jaar voor sy dood beoefen
 het. Sy het ook beweer dat die oorledene nie 'n lisensie
 van die toepaslike owerheid gehad het om sodanige besig=
 heid aldaar te dryf nie. Die kern van die appellant se
 verweer is te vind in paragraaf 6 van sy Verweerskrif
 waarvan die relevante gedeelte soos volg lees:

"- - - - pleit Verweerder as volg:

- (a) Die oorledene het te alle saaklike tye voor
 sy dood op 'n vaste besigheidspersoneel te
 Dorpstraat 82, Kaapstad, duikklopwerk as
 'n bedryf beoefen;

/(b)

- (b) Die oorledene het, teenstrydig met die bepalings van Item 54 van die Eerste Bylae tot Ordonnansie 15 van 1953, sodanige bedryf beoefen sonder dat hy daarvoor geregistreer of gelisensieer was;
- (c) Die beoefening deur die oorledene van die gemelde bedryf was derhalwe onwettig en contra bonos mores en Eiseres se eis vir verlies aan onderhoud uit inkomste wat die oorledene aldus verdien het, is gevolglik regtens onafdwingbaar."

In paragraaf 3(b) van die Voorverhoor-notule het die partye ooreengekom dat die begrafniskoste R495-00 bedra.

Verder het hulle in paragraaf 3 (d) daarvan soos volg ooreengekom:

"During his lifetime the deceased worked as a panelbeater for his own account at 82 Dorp Street, Cape Town. He had never taken out a licence as required by Ordinance 15 of 1953, nor did the exemption referred to in the

/applicable

applicable item of the Ordinance, namely 54, apply to the deceased, in that he was not an occupant of a factory as described in Section 3 of the Factories, Machinery and Building Act, Act 22 of 1941."

Art 3 van Ordonnansie 15 van 1953 (K), soos gewysig ,
verorden die volgende:

„Niemand mag 'n besigheid dryf nie tensy hy in besit is van 'n registrasiesertifikaat en 'n lisensie wat kragtens hierdie ordonnansie aan hom uitgereik is."

Volgens art 1 word die woord „besigheid" omskryf as

„'n handelsbesigheid of beroep in die eerste bylae van hierdie ordonnansie vermeld."

Item 54 in die Eerste Bylae tot hierdie Ordonnansie vermeld onder „werkswinkel" o.a. „duikklopwerk."

/Volgens

Volgens art 21(1) pleeg 'n persoon 'n misdryf wat 'n bepaling van hierdie Ordonnansie oortree of versuim om daaraan te voldoen. By skuldigbevinding daaraan kan 'n boete van hoogstens R200-00 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande of albei opgelê word.

Toe die verhoor van die saak op 24 November 1983 voor VOS R 'n aanvang geneem het, is aangekondig dat die partye ooreengekom het dat die quantum van die skadevergoeding vir die verlies van die respondente se reg op onderhoud R20 000-00 bedra. Volgens die oorkonde van die verhoor het advokaat Omar namens die respondente die geskilpunt tussen die partye soos volg omlyn:

/„MR. OMAR

MR OMAR: My Lord the issue then is narrowed to the defence raised by defendant in paragraph 6 of its plea my Lord.

VOS J: That is the unlawfulness of the business ?

MR OMAR: That is correct my Lord. - - - - "

Na aanhoor van getuienis en argumente het VOS R die
respondente se eise van :

(a) R495-00 begrafniskoste en

(b) R20 000-00 skadevergoeding vir verlies

van onderhoud,

met koste toegestaan. Met verlof van die hof a quo

kom die appellant nou in hoër beroep na hierdie Hof

teen die verlening van R20 000-00 skadevergoeding vir

verlies van onderhoud met koste.

Wanneer 'n persoon in terme van art 4 van Ordonnansie 15 van 1953 (K) (die „Ordonnansie“) aansoek doen om 'n registrasiesertifikaat en lisensie ten aansien van 'n besigheid wat hy binne die regsgebied van 'n plaaslike owerheid wil uitoefen, is laasgenoemde verplig volgens art 5 om 'n verslag te verkry van sy mediese gesondheidsbeampste of gesondheidsinspekteur oor die geskiktheid, vanuit die aspek van gesondheid gesien, van die perseel waar die besigheid gedryf gaan word. Bowendien word 'n plaaslike owerheid verplig deur art 6 (3) van die Ordonnansie om 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat te weier indien na sy mening o.a. -

“(e)

"(e) die besigheidspersoneel nie geskik is vir die doeleindes van die voorgenome besigheid nie, hetsy met betrekking tot vereistes wat by wet ten opsigte van gesondheid voorgeskryf word of met betrekking tot die grootte, aard, konstruksie, beligting, ventilasie, akkommodasie of in enige ander opsig, met inbegrip van die afwesigheid of ontoereikendheid van maatreëls vir -

(i) beskerming teen knaagdiere, ongedierte en vliegbesmetting, of

(ii) die versekering, deur middel van brandblusuitrusting, nooduitgange of andersins, van die veiligheid van die publiek en werknemers in die geval van brand;

(f) - - - - -

(g) geen voorsiening nie of ontoereikende voorsiening gemaak is of sal word om enige oorlast te voorkom wat kan ontstaan as gevolg van rook, stof, dampe, gasse, reuke of geraas of trillings wat 'n besigheid kan afgee of veroorsaak of waarskynlik sal afgee of veroorsaak, of om die gesondheid en veiligheid van die publiek en werknemers te verseker;

/(h)

- (h) die ligging of omgewing van die besigheids=
perseel ongeskik is vir die aard van die
voorgenome besigheid as gevolg van òf
brandgevaar òf toestande in verband met
verkeerbeheer of parkering of die voor=
siening van water, elektriese krag of
sanitasie;
- (i) die voorgenome besigheid nadelig sal wees
vir die godsdienstige, opvoedkundige,
gesondheids-, woon-, handels-, kulturele
of ander geriewe van die omgewing, - - - "

Na my mening is dit duidelik in die lig van sy

aangehaalde bepalings dat die Ordonnansie nie suiwer

fiskale wetgewing is nie. Die verbod om die besigheid

van duikklopwerk binne die regsgebied van 'n plaaslike

owerheid sonder lisensie te dryf, is ook nie 'n kleurlose

statutêr verbode aktiwiteit nie aangesien oortreding van

/die

die verbod strafbaar as 'n misdryf is, soos hierbo vermeld.

Dit is verder duidelik dat baie belangrike oorwegings van publieke belang met betrekking tot gesondheid, veiligheid, brandgevaar en die woongeriewe van die omgewing 'n belangrike rol speel by die uitreiking van 'n lisensie aan 'n duikklopper. Dit volg dan dat waar die besigheid van

duikklopwerk sonder lisensie plaasvind die gevolge van

so 'n besigheid nie regsgeldig is nie en dat die inkomste

wat daardeur verkry word nie-regmatige inkomste is volgens

die beslissing van hierdie Hof in Dhlamini en 'n Ander v

Protea Assurance Co Ltd, 1974(4) SA 906 (A) per RUMPF

AR op bl.917:

/„Na

„Na my mening het die Wetgewer beoog dat daar geen handeldryf mag plaasvind deur 'n marskramer sonder lisensie nie. Om dit wel te doen is nie alleen strafbaar nie, maar, weens belangrike oorwegings van publieke beleid, behoort die gevolge van so 'n handeldryf ook nie regsgeldig te wees nie.

Na my mening was die inkomste van die eerste appellante dus nie-regmatige inkomste.”

In hierdie dictum slaan die verwysing na die „eerste appellante” op die marskramer wat vrugte by die spoorwegstasie en hoofposkantoor te Johannesburg oor 'n tydperk van 20 jaar sonder 'n marskramerslisensie verkoop het. Sy is beseer in 'n motorbotsing en het skadevergoeding geëis van die derdeparty-versekeraar van die motorvoertuig wat met haar gebots het.

/Volgens

Volgens die onbetwiste getuienis blyk dit dat die perseel te Dorpstraat 82, Kaapstad, geleë is in 'n gebied wat volgens die stadsaanlegskema die afgelope 25 jaar vir residensiële doeleindes gesoneer is. Die lokaal wat die oorledene op die perseel as werkswinkel vir die beoefening van sy besigheid as duikklopper gebruik het, het nie meer bestaan toe die verhoor voor die hof a quo plaasgevind het nie. Dit was geleë op 'n stukkie grond van 8 meter by 4 meter. Volgens die respondente se getuienis was dit eintlik 'n hok wat vier mure van sinkplaat met 'n sinkdak gehad het. Sy het ook beweer dat net die muur aan die straatkant van sinkplaat was terwyl die ander drie mure van baksteen was. Die broer van die oorledene

/het

het getuig dat die werkswinkel eintlik 'n afdak was wat voorheen 'n garage was wat gedurende 1974/1975 afgebrand het. Volgens die onbetwiste getuienis van die munisi- pale beamptes wat vir die appellant getuig het, het die lokaal potensieel 'n ernstige brandgevaar ingehou weens die tipe spuitstowwe wat aangewend is deur die oorledene asook weens die afwesigheid van brandwerende mure. Bowendien sou die plaaslike owerheid vanuit 'n gesondheids- oogpunt glad nie die lokaal vir die beoefening van duik- klopwerk as 'n besigheid goedgekeur het nie. Die verhoor- hof het tereg hieroor die volgende bevinding gemaak wat nie in hierdie Hof bevraagteken is nie, te wete :

/"His

"His activities constituted a potential fire hazard because the premises were not sufficiently fire-resistant. Also, from a health point of view he could not have obtained a licence because of defects in the premises. In short, he was operating illegally and would probably not have been able to legalize his activities."

In die onderhawige geval is die posisie dan dat die oorledene te alle relevante tye voor sy dood die besigheid van duikklopwerk sonder lisensie te Dorpstraat 82, Kaapstad, beoefen het onder omstandighede waar hy nie 'n lisensie sou kon bekom het nie. Die beoefening van sy besigheid van duikklopwerk aldaar was nie alleen onwettig nie maar volgens die beslissing van hierdie Hof in die Dhlamini-saak was die inkomste wat hy daardeur

/verkry

verkry het nie-regmatige inkomste. Bowendien kon die plaaslike owerheid enige oomblik sy onwettige beoefening van die besigheid van duikklopwerk aldaar verbied het.

Die oorledene het te alle relevante tye tot sy dood as broodwinner vir die respondente as sy wettige eggenote onderhou uit sy nie-regmatige inkomste.

Die vraag voor hierdie Hof is of die respondente as afhanklike se eis om skadevergoeding vir die verlies van haar reg op onderhoud wat deur die dood van die oorledene teweeggebring is, beïnvloed word deur die feit dat die oorledene haar uit sy nie-regmatige inkomste onderhou het. Dit is na my mening onteenseglik so dat die

/berekening

berekening van die quantum van haar skadevergoeding
noodwendig gebaseer moet word op die nie-regmatige
inkomste wat die oorledene as broodwinner uit die
onwettige beoefening van sy ongelisensieerde besigheid
van duikklopwerk verdien het. Tereg het ADDLESON R
dieselfde standpunt ingeneem oor 'n soortgelyke vraag
wat in Booyesen v Shield Insurance Co Ltd, 1980(3) SA
1211 (SECLD) te sprake gekom het deur soos volg te
beslis op bl. 121 A:

"That degree of 'illegality' seems to me
to hit the dependant as well as the
injured person and to preclude the de=
pendant from relying on the illegal
income as a basis for compensation."

/Die

Die hof a quo het derhalwe fouteer om die bedrag van R20 000-00 skadevergoeding aan die respondente toe te ken aangesien dit gebaseer is op die nie-regmatige inkomste van die oorledene as broodwinner.

Daar is nog 'n aspek van die appèl waarmee ek moet handel. Ek het reeds aangetoon op watter basis die respondente se eis aan die hof a quo voorgelê is betreffende die aard van die enigste geskilpunt tussen die partye waaroor daar uitsluitel gegee moes word. Streng gesproke moes die respondente se advokaat in hierdie Hof sy betoog gerig het slegs ten aansien van daardie geskilpunt op die basis soos dit aan die hof a quo

/omlyn

omlyn is. Sien A J Shepherd (Edms) Bpk v Santam,

1985(1) SA 399 (A) op bl. 415 B-E. Advokaat Uijs

het in hierdie Hof betoog dat die oorledene nie uit=

sluitlik sy inkomste uit die onwettige beoefening van

sy ongelisensieerde besigheid van duikklopwerk te Dorp=

Straat 82, Kaapstad, verkry het nie. Hy het betoog dat

die oorledene ook elders op ander persele duikklopwerk

verrig het. Dit blyk uit die oorkonde dat John Ferguson,

die broer van die oorledene, in sy hoofgetuienis oor

hierdie aspek soos volg getuig het:

"Now do you know whether he did all his work
at 82 Dorp Street? - - - Sometimes he do
it on the people's premises.

/I

I see. Do you know of . . .

VOS J: Just a minute, and some work at people's premises? - - - Ja.

That is at the client as it were, at the client's premises? - - - Yes.

Yes?

MR OMAR: Do you have examples of such persons, do you know? - - - There is a garage, Nova Car Sales and there is one place in Woodstock that I do not know the address of.

A private person, or a garage, or a shop or . . . ? - - - It was a garage. Mechanic garage.

VOS J: Nova Car Sales, were those - it sounds like people selling cars? - - - Yes. And a garage in Woodstock? - - - Ja, I do not know what the address is."

Streng gesproke was hierdie getuienis ontoelaatbaar. In

ieder geval het geen kruisondervraging daaroor plaasge-

vind nie en die aangeleentheid is nooit as 'n geskilpunt

behoorlik ondersoek en uitgepluis nie omdat dit nie in

/geskil

geskil was nie. Dit was nie bekend of die persele
van ander persone waar die oorledene duikklopwerk sou
verrig het daarvoor gelisensieerd was of nie. Daar
is derhalwe geen feitebasis aan die hand waarvan hierdie
Hof nou kan ingaan om te probeer vasstel wat die omvang
van die inkomste was wat die oorledene op 'n regmatige
wyse sou verdien het nie.

In die lig van die voorgaande volg dit
dat die appèl met koste slaag.

/Die

Die bevel van die hof a quo word in die mate gewysig dat absolusie van die instansie met koste verleen word ten aansien van haar eis van R20 000-00 met koste.

C P JOUBERT AR.

RABIE HR)

JANSEN AR)

CILLIÉ AR)

GROSSKOPF AR)

Stem saam.